NOTULE VAN DIE UITVOERENDE KOMMISSIE VAN DIE S.A.S.K. GEHOU OP 24 AUGUSTUS 1950.

TEENWOORDIG: Di. W.R. de Kock, P.N.V. de Lange en die Algemene Sendingsekretaris.

Die Voorsitter open die vergadering met gebed.

A. B U I T E L A N D.

(1) VERSKIL OOR SENDING IN SUID-RHODESIË TUSSEN KAAP EN VRYSTAAT:

Die Sekretaris rapporteer dat die aanbeveling van die S.A.S.K. deur die Sinodale Kommissie goedgekeur is. Vir kennisgewing aangeneem.

(2) SALISBURY: SALARIS EN VERVOER MNR. HOUGH:

Die Sekretaris rapporteer dat hy reeds aan die Sendingkommissie te Salisbury geskryf het re die sendingmotor vir mnr. Hough.

Die vergadering besluit dat die salaris van mnr. Hough £20 per maand sal wees.

(3) MALHERBE:

Hierdie hele saak word weer baie ernstig bespreek en dit word besluit:

(a) In beginsel word die aanbeveling van die A.R.K. re sluiting goedgekeur;

(b) Representasies sal egter gemaak word deur die A.R.K. aan die Regering om:

(i) óf daardie stasiegronde aan die S.A.S.K. teen billike prys te verkoop of gratis te gee, sodat ons dit aan 'n boer kan verkoop om ons gelde wat ons daar spandeer het (of gedeelte altans) terug te kry;

(ii) óf om weer aan te dring om gedeeltelike vergoeding.

(c) Wat bearbeiding van lidmate betref, rapporteer die Sekretaris dat die Sinodale Kommissie besluit het dat ons nie ons lidmate kan oorgee aan 'n kerk wat nie op gereformeerde grondslag staan nie en dat ons voorlopig deur middel van 'n Evangelis nog daardie lidmate moet bearbei.

(4) SENDELING BEROEP:

Eerw. Holtzhausen van Marquard word beroep as Sendeling vir Salisbury.

B. B I N N E L A N D.

(1) WITZIESHOEK:

Die notule van Witzieshoek wat laat gekom het, word behandel.

(a) Ambulans: Die vergadering neem met dank kennis dat die ambulans gratis verkry is en laat alle verdere reëlinge in verband daarmee aan die Hospitaalraad oor.

(b) Watervoorsiening: Dit word opgedra aan die Sekretaris om alle informasie in verband met die voorsiening van water en ligte in te win en die nodige stappe te neem om dit daar te stel.

(c) Hospitaal: Die Sekretaris gee volledige informasie. Dr. Mohr, lid van die Verpleegstersraad, deel mee dat 'n wetsontwerp reeds in die hande van die Minister is waarin bepaal word dat alleen hospitale met 100 daagliks besette beddens verpleegsters sal kan oplei. Die Sekretaris word afgevaardig om Dr. Stals persoonlik oor hierdie saak te spreek en by hom representasies te maak dat Sendinghospitale, wat dit betref, uitgesluit sal word. Blyk dit onmoontlik te wees, dan van die Unie Regering 'n groot som geld te vra vir die bou van 'n hospitaal met 100 beddens as 'n pro-forma lening.

As dit onmoontlik sou wees dan word dit aan die Sekretaris opgedra om by die Uitvoerende Komitee aan te dring dat hulle pro-forma lening aan ons toegestaan sal word sonder die eis dat verpleegsters daar opgelei sal word en dan gaan ons oor tot die vergroting van die hospitaal.

Die vergadering verkeer diep onder die indruk van die noodsaaklikheid van vergroting en verbetering van die hospitaal daar.

(d) Karretjie vir Boumeester: Die Sekretaris rapporteer dat die karretjie reeds aangekoop is en hy reeds 'n rekening daarvoor ontvang het. Die vergadering besluit onder hierdie omstandighede dat die kar betaal sal word, maar dat hierdie optrede nie toelaatbaar is nie en dat aankope nie mag geskied sonder voorafgaande outorisasie van die Sendingkommissie of sy Uitvoerende Kommissie nie.

(e) Reglement Witzieshoek: Waar dit nie moontlik is om sulke reglemente hier na te spoor nie, word die plaaslike lede van die Beheerraad en Hospitaalraad in Witzieshoek versoek om 'n tentatiewe reglement op te stel ter voorlegging aan die Uitvoerende Kommissie.

(2) SEKRETARIS FEDERALERAAD:

Die Sekretaris rapporteer dat die Sinodale Kommissie die aanbeveling re Sekretaris goedgekeur het.

3/ .....

(3) SENDELING IN GOUDAREA:

Hierdie saak is opgedra aan die Uitvoerende Kommissie en die vergadering besluit dat uit die Binnelandse Sendingkas tot 'n bedrag van £200 per jaar vir die eerste paar jaar, bygedra sal word vir die aanstelling van 'n tweede Sendeling in die goudarea en wys die plaaslike Kerkrade op die noodsaaklikheid van so 'n aanstelling onder omstandighede.

(4) KONSTITUSIE BINNELANDSE SENDINGKERK:

Die Sekretaris rapporteer dat die A.S.K. dit aanvaar het soos opgestel deur die S.A.S.K. en dit is dus nou wet.

(5) WETGEWING SENDINGKERK IN O.V.S.:

Dit word gerapporteer dat die A.S.K. nadat hy die nodige informasie ontvang het, toestemming verleen het dat die Hersieningskommissie van die Sendingkerk met lede van die S.A.S.K. daartoe kan oorgaan om 'n heruitgawe van die Sendingkerkwet uit te gee.

(6) WERK ONDER VAKARANGA IN SALISBURY:

Die Sekretaris lees 'n brief van Ds. J.G. Olivier en Dr. van der Merwe van Moshana Sending. Die vergadering is diep teleurgesteld oor die inhoud van daardie skrywe en beskou dit as 'n sydelingse klag en versoek Ds. Olivier dringend om Dr. van der Merwe te vra om hom te weerhou van inmenging in ons werk onder die Vakaranga daar.

Ds. de Lange sluit die vergadering met gebed.

.....
VOORSITTER.

.....

.....